#14

# Met 'n knippie sout

Gebruik 'n soutkorsbymiddel vir 'n tekstuurryke, verouderde voorkoms.



MEDIUM

**PROJEKGIDS**
**Harde werk** 3/10
**Vaardigheidsvlak** 4/10
**Tyd nodig** 3 uur



Borde teen muur van Trouvé

Wanneer jy die *tweede verflaag effens wegskuur*, skep die soutkorstekstuur 'n diep, verweerde patina. – *Joe*

*Deur* **Joe Strydom** • *Foto's* **Elza Cooper en Joe Strydom**
*Stilering* **Amanda van Wyngaardt**




## Wat jy nodig het

**INKOPIELYS**
- Salt Crust (beskikbaar by Trouvé)
- Annie Sloan Chalk Paint in Old Ochre
- Annie Sloan Chalk Paint in Antibes
- Annie Sloan Clear Wax
- Annie Sloan Black Wax

**GEREEDSKAP**
- mengstokkie • stewige verfkwas
- medium-kunstenaarskwassie
- 80-grint-skuurpapier
- skuurblokkie (opsioneel)
- lap vir opvryf




## Só maak jy ...



* Die stippeltegniek behels dat jy klein sirkels of kolle, almal in dieselfde kleur, maak om 'n sekere komposisie te vorm. Hierdie kolle kan in verskillende media op 'n oppervlak geteken, geverf of geëts word.

**1** Meng gelyke dele verf (Old Ochre) en Salt Crust; die tekstuur moet naastenby dié van 'n dik koekbeslag wees. **2** Gebruik die stippeltegniek* en skep soveel tekstuur moontlik wanneer jy die verf-en-soutmengsel aanwend.


**3** Laat die eerste laag effens droog word; vee dan die spits pieke platter met jou kwas.



**4** Wag tot die eerste laag heeltemal droog is voor jy die hele oppervlak met die tweede kleur (Antibes) verf. Laat dit ook heeltemal droog word. **5** Skuur die oppervlak dan met 80-grint-skuurpapier sodat die Old Ochre-laag deurkom.

**6** Verseël nou al die oppervlakke met 'n laag Clear Wax.

**7** Wend Black Wax met 'n kunstenaarskwas op die deur- en laairande aan. Werk dit met 'n sagte doek in tot dit goed met die geheel saamsmelt.



**Die verfkenner Joe Strydom van Johannesburg is 'n bemarkingspesialis in die TV-bedryf, maar sy groot passie is die "upcycling" van ou meubels. Sy winkel, Trouvé, in Greymont, is 'n skatkis van vondste. Hy bied ook klasse aan en doen opdrag-verfwerk. Hier is nog verouderingstegnieke wat hy aanbeveel:**

**Natveroudering**
- Wend een laag verf op jou projek aan; laat dit heeltemal droog word (minstens 24 uur).
- Wend dan 'n tweede laag in 'n kontrasterende kleur aan. Wag sowat 1-2 uur tot die verf droog voel, maar nog nie heeltemal verhard het nie.
- Neem 'n emmer water en 'n pluisvrye doek of skuursponsie, maak seker dis goed nat maar nie druipnat nie, en vryf dan versigtig van die boonste verflaag af.

**Droogveroudering**
- Wend een laag verf aan; laat dit heeltemal droog word. As jy 'n reeds geverfde oppervlak verf, gee die nuwe verflaag genoeg kans om te verhard (minstens 4 uur). Wend 'n tweede laag in 'n kontrasterende kleur aan en laat dit heeltemal droog word.
- Sodra die laaste laag droog is kan jy dit met fyn (180-grint-skuurpapier) afskuur.

**Weerstandtegniek**
- Wend een laag verf aan en wag 4 uur tot heeltemal droog.
- Wend 'n middel soos byewas, petroleumjellie of kerswas aan waar jy die tweede verflaag wil laat afkom. Dié middels bied weerstand teen die hegting van die verflaag.
- Wend nou 'n tweede laag verf in 'n ander kleur oor alles aan.
- Wag tot die laaste laag droog is en begin dat met die veroudering met fyngrint-skuurpapier of 'n skraper – die laaste verflaag sal maklik afkom waar die weerstandmiddel aangewend is.

**KONTAK** 081 547 3652, facebook.com/trouveza